

Publication: Beeld, Saturday (Sport)
Publication Date: 14 Apr 2018
Page: 35

AVE: 61182.00
Circulation: 36105
Part: 1 of 1

# Tatjana: Eers titels, nou 'n tjoppie, asseblief

## Die gety draai vir vroueswem, sê kampioen




**Nou't sy die wêreld aan haar voete . . . Tatjana Schoenmaker glimlag die afgelope week breed nadat sy haar tweede Statebond-goue van die week gewen het, in 'n Afrikarekord-tyd.** Foto: GALLO IMAGES

**Marizanne Kok**

Toe Tatjana Schoenmaker Donderdagaand op die O.R. Tambo-lughawe van die vliegtuig afklim, was daar net een ding wat sy wou doen.

"Ek wil nou huis toe gaan en braai," het die donkerkop-swemmer laggend gesê. "My mond water vir 'n skaaptjoppie."

Twee weke gelede, toe Schoenmaker by dié einste lughawe op die vliegtuig na die kusstad Goudkus in Australië geklim het, was sy net nog 'n gesig in 'n groot SA swemspan. Daar was tekens dat sy dalk 'n medalje kon wen – maar twee goues, tesame met drie Afrika-rekords?

Nie eens die 20-jarige Pretorianer self het dit sien kom nie.

"Ek het soontoe gegaan en gedink ek sal bly wees as ek net op my beste tye verbeter. Om toe sulke grôót tye te swem en twee goue medaljes te wen, het my regtig verras," sê Schoenmaker Donderdagaand, met die medalje wat sy in die 200-borsslag gewen het om haar nek en die kleinood vir haar sukses in die 100-borsslag in haar hand.

"Dit het dinge 'n bietjie verander – as ek nie daardie twee medaljes gekry het nie, was hier sekerlik nie vanaand soveel mense om my terug te verwelkom nie. Nou is ek skielik 'n swemmer met derduisende oë op my wanneer ek in die swembad spring en wat ná 'n resies met die media moet praat. Dis nog iets waaraan ek gewoond sal moet raak."

Terwyl ons gesels, kom vra 'n pa Tatjana om vir 'n foto saam met sy dogtertjie te poseer. Sonder seremonie hang sy een van die medaljes om die kind se nek, en glimlag vir die kamera langs 'n ekstatiese klein gesiggie.

'n Superster wat gewoond is aan die heldeverering van die wêreld is sy beslis nie nou nie, sê Schoenmaker. Noem haar gerus 'n baanbreker vir vroueswem, maar haar pad na die kruin en supersterstatus is in haar eie oë nog lank.

"Ek het nou tye geswem wat my oortuig dat ek by volgende jaar se Wêreldkampioenskap medaljes kan wen, maar net solank ek aanhou hard werk daarvoor.

"Ek verstaan my tye is baie hoog op die wêreldranglys, so dit skep by ander mense verwagtinge dat ek nou aan die begin van 'n groot loopbaan staan.

"Maar ek moet ook nie te ver vooruit kyk nie – ek neem alles nog altyd stap vir stap. Verlede jaar se Wêreld-studentespele in Taipei was die eerste stap, want daar het ek 'n medalje in die 200-borsslag gewen en gewoond geraak aan kompetisie-toestande.

"Voorheen sou ek benoud raak wanneer ek 'n swemmer voor my sien, want dis nie iets waaraan ek gewoond was (hier in Suid-Afrika nie). By die Statebondspele het ek nog steeds senuweeagtig op die blokke geraak, maar in die water was ek die rustigheid self – en dis danksy Taipei.

"So, die Statebondspele was die tweede stap, en 'n groot sukses. Nou is die volgende grote volgende jaar se Wêreldkampioenskap en hopelik dan 2020 se Olimpiese Spele."

Schoenmaker sê sy sal die gebeure in die Goudkus vir altyd koester.

"Elke aand voor ek aan die slaap geraak het, het ek so 'n bietjie gehuil en alles by die swembad in my gedagtes oorgespeel. Jy dink dit gaan 'n lang, uitgerekte oomblik wees, maar daar is letterlik die waas van wen en dan die paar minute op die podium. Die terugdink daaraan gee my so 'n lekker gevoel en wys net alles tot hier was die moeite werd."

Op 20 is Schoenmaker nou aan die voorpunt van vroueswem, wat lank teruggestaan het terwyl mans soos Chad le Clos, Cameron van der Burgh, Roland Schoeman en Ryk Neethling die wêreld verower het. Maar die gety draai, sê sy. Vroueswem beweeg vorentoe.

"Ons het een van ons grootste vrouespanne in 'n lang tyd Statebondspele toe gestuur, en ek, as 20-jarige, was die tweede oudste van almal. Behalwe ek het Erin (Gallagher) ook rekords opgestel en daar was tieners wat nou net van krag tot krag sal gaan," sê sy.

Dat dit juis sy is wat nou die pas aangee, is 'n bietjie verstommend as jy hoor dat Tatjana op 14 nie juis betower was deur die lewe van 'n swemmer nie. Sy was in gr. 8 by die Hoërskool Noordheuwel in Krugersdorp toe die Tuks-afrigter Rocco Meiring haar nader en nooi om by die Tuks-sportskool in te skryf.

"Ek wou nie eintlik nie, want ek het vriende gemaak by Noordheuwel en wou nie daardie proses weer oorhê by Tuks nie. Maar toe ek eers gewoond raak aan alles en aan die nuwe oefenregime (11 pleks van drie oefensessies per week) het ek besef, swem is iets waarvan ek hou en waarmee ek goed is. Die saadjie is daar geplant," sê sy.

Met die uitsondering van 'n jaar en 'n half waarin Meiring Kanada toe is, was hy elke tree van die pad saam met Schoenmaker.

"Hy is die tipe afrigter wat elk van sy swemmers se persoonlikhede verstaan en weet wat ons nodig het om goed te doen. Hy is ook iemand wat aanhou om die potensiaal te sien, al vaar jy sleg. Ek is so dankbaar dat hy destyds iets in my gesien het en bly glo het ek kan eendag hier uitkom."

Hierdie naweek, sê Schoenmaker, sal sy daaraan wy om die dosyne boodskappe wat sy by die Spele gekry het te beantwoord. En een of ander tyd moet haar studies weer aandag kry – veral die taak in finansiële bestuur wat volgende week ingehandig moet word.

Sy en Fabienne, haar kleinsus, het ook nie veel gepraat terwyl sy in Australië was nie, so die weersiens was iets waarna sy Donderdag uitgesien het.

Hul ouers het om een of ander rede besluit om albei die dogters vreemde name te gee, lag Tatjana.

"Ek dink hulle het my naam in 'n naamboek gekry, van een of ander prinses wat 'n i of 'n y eerder as 'n j gehad het," verduidelik sy.

Hoe ook al, agter dié naam staan nou 'n titel wat net op een manier gesê kan word: dubbele Statebond-kampioen.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.